

# 'n Intellektueel 'par excellence'

Jana Marx

Prof. Sampie Terreblanche sal onthou word vir sy vreesloosheid om die waarheid te praat en sy erns om ekonomiese ongelykheid in die apartheid- en postapartheid-regimes uit te lig.

Só skryf sy familie nadat Terreblanche (84) Saterdag aan breinkanker oorlede is.

Die siekte is sowat vyf maande gelede by hom gediagnoseer. Hy het reeds 'n jaar gelede, kort ná sy vrou, Ina (58), se dood, begin siek word.

Die ekonoom en geliefde emeritusprofessor van die Universiteit Stellenbosch het verskeie politieke rolle in die Nasionale Party en ANC gespeel.

Prof. Willie Esterhuyse, emeritusprofessor in filosofie en besigheidsetiek aan Stellenbosch, het Terreblanche sowat vyf dae gelede besoek. "Ek kon sien die einde is naby en ons het tot siens gesê. Toe ek vandag (Saterdag) die nuus hoor, het 'n dankbaarheid oor my gespoel. Hy was net absoluut ongelooflik – 'n intellektueel *par excellence*."

Die politieke ontleder Moelisi Mbeki sê Terreblanche was een van die grootste denkers van die 20ste eeu en het ons gehelp om politiek en ekonomiese hul verhouding tot mekaar

te verstaan."

Hy sê Terreblanche was toegewyd aan maatskaplike geregtigheid in Suid-Afrika.

Terreblanche is op 17 April 1933 in Kroonstad gebore. Sy was 'n boer in die distrik Eden-ville in die Vrystaat.

Nadat hy aan die Hoërskool Edenville gematrikuleer het, het hy regte aan Maties gaan studeer, maar drie jaar later het hy na 'n graadkursus in ekonomie oorgeslaan.

Ná sy doktorsgraad het hy 'n jaar aan Harvard gestudeer.

Hy het vir agt jaar aan die Universiteit van die Vrystaat klasgegee en in 1965 na Amerika teruggekeer waar hy tot sy aftrede in 1995 dosent en later hoogleraar was.

Terreblanche, wat aanvanklik 'n groot ondersteuner van die Nasionale Party was, het in die 1980's by geheime ontmoetings met die ANC betrokke geraak. In 1985 is hy tot voorsitter benoem van die nuut gevormde Gespreksgroep '85, 'n groep "verligte" denkers in Stellenbosch, skryf Murray La Vita.

Terreblanche het die NP in 1987 verlaat weens die ideologiese verskille tussen hom en die party, veral oor apartheid.

Hy was 'n stigterlid van die Demokratiese Party, wat later die Demokratiese Alliansie ge-



Prof. Sampie Terreblanche toe hy in 2015 'n eredoktorsgraad van Maties ontvang het. Regs is sy kleindogter Nina Kirsten (toe 24), wat op dieselfde dag haar meestersgraad in ekonomie ontvang het.

word het, maar in sy latere lewe het hy hom van partypolitiek losgemaak. Hy was uiteindelik net so krities, indien nie meer nie, teenoor die ANC-regering as wat hy teenoor die NP-regering was.

In 'n onderhoud met La Vita op 16 April 2014 oor sy boek *Verdeelde land – Hoe die oorgang Suid-Afrika gefaal het*, het hy met 'n stem skor van ontstentis gesê dié toedrag van sake gee hom koue rillings.

"Waarmee is ons besig in

Suid-Afrika? Ek het 'n ... ek kan maar amper sê ... obsessie is seker nie 'n goeie woord om te gebruik nie ... ek het 'n ding daaroor dat die blankes losgekrom het met die samesprekings oor die oorgang, dat daar hoegenaamd geen besluit was daaroor dat hulle hulle in die vorige honderd jaar, van 1894 tot 1994 ... die swart mense meedoën-loos uitgebuit het nie.

"Jy weet, hierdie hooghartige houding van blankes dat die armes arm is omdat hulle slag is!

Goeie genugtig! Waar kom ons daaraan?"

Hy was 'n bekroonde skrywer, onder meer van *A History of Inequality in South Africa, 1652-2002*, waarin hy die ANC daarvan beskuldig het dat hy sy eie kiesers verraai het.

In die laaste van 13 boeke, *Western Empires, Christianity and the Inequalities between the West and the Rest*, skryf hy oor meer as 500 jaar van onteiening sedert die begin van kapitalisme.

# Maties bring hulde: Prof. Sampie was 'n legende by die US

Die Universiteit Stellenbosch (US) het ook ná die heengaan van prof. Sampie Terreblanche (84) hulde gebring.

"Dit is met groot hartseer dat ek namens die US ons diepe meegevoel betuig teenoor die familie van prof. Sampie Terreblanche," het prof. Wim de Villiers, rektor van die US, in 'n verklaring gesê. "Ons eer hom as 'n legendariese politieke ekonoom; geliefde inspirerende lektor vir duisende van ons studente, en een van die US se kritiese stemme."

Luidens 'n verklaring van die US is Terreblanche op 10 Desember 2015 met 'n eredoktorsgraad deur die universiteit vereer.

Sy akademiese loopbaan aan die US het oor die helfte van die 90 bestaansjare van die fakulteit ekonomiese en bestuurswetenskappe gestrek.

Hy is ook met 'n doktorsgraad in die handswetenskappe (DCom) honoris causa vereer vir onder meer sy "vreeslose voorspraak vir die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika".

"Met sy kenmerkend lewendige aanbiddingstyl geniet prof. Sampie die status van 'n legende aan die US.

"Met dieselfde geesdrif waarmee hy denke oor die sosiaal-ekonomiese stelsel beïnvloed het, het hy sy vakgebied vir studente ontsluit. Talle vooraan-



**Ons eer hom as 'n legendariese politieke ekonoom; geliefde inspirerende lektor.**

— PROF. WIM DE VILLIERS

staande ekonome skryf hul sukses aan dié vernuwendes denker en geliefde professor toe," het De Villiers gesê.

As 'n lid van die destydse kommissie van ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep (1973-1967) – die Erika Theron-kommissie – het hy diep onder die indruk van die probleem van strukturele armoede gekom.

"Dit word 'n blywende invloed in sy denke oor die Suid-Afrikaanse politieke ekonomie en figureer in baie van sy publikasies, waaronder 12 boeke en meer as 30 artikels en boekhoofstukke. Selfs andersdenkende vakgenote erken ruiterslik die hoogstaande gehalte van sy werk.

"Sy bydrae tot politieke transformasie is eweneens op die streeke na sosiale verbetering vir die benadeelde meerderheid gerig," lui die verklaring.